BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# GROTER BETER DIEPER

## DEEL 1: GROTER DROME EN GEBEDE

*God delights to do impossible things through improbable people to impart exceeding grace to undeserving recipients.*
**Chip Ingram**

## Groter Drome

➢ God het die ___________________

**Jeremia 32:17** Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie.

**Lukas 1:37** Niks is vir God onmoontlik nie.

➢ God het die ___________________

**1 Korintiërs 2:9** Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.

➢ God gee die ___________________

**Psalm 2:8** Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting.

**Johannes 14:12-14** Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. [13] Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. [14] As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

## Groter Gebede

1. Groot gebede is ____________________

**Eksodus 33:18** Toe sê Moses: "Laat ek tog net u magtige verskyning sien!"

**Psalm 27:4** Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.

**Filippense 3:10-11** Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

**Johannes 17:3** En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

2. Groot gebede is uit ____________________

**Psalm 51:19** Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

3. Groot gebede fokus op ____________________

**1 Konings 18:36-38** Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe gekom en gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen. [37] Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer." [38] Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek.

**Psalm 67:2-3** Mag God ons genadig wees en ons seën, mag Hy tot ons redding verskyn, Sela [3] sodat sy dade oor die wêreld heen bekend mag word, sy reddende krag onder alle nasies.

**Matteus 6:9-10** So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; [10] laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

4. Groot gebede staan op ____________________

**Spreuke 30:5** Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm dié wat by Hom skuil.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*

5. Groot gebede eis ____________________

**Jesaja 6:8** Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

6. Groot gebede vra die _____________________ en verwag die _____________________

**Hebreërs 4:15-16** Want ons het nie ʻn hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. [16] Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

**Efesiërs 3:20** Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,

# 21 DAE VAS EN GEBED HULPBRONNE

**Skandeer vir Inligting en Hulpbronne oor 21 Dae Vas en Gebed**

**Skandeer as jy 'n Bybellees Groep (Kleingroep) wil fasiliteer**

**Skandeer om deel te raak van 'n Bybellees Groep (Kleingroep)**

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*